BELEIDSDOKUMENT

TAAL-BELEID

_____	_____
SGB / SBL **Voorsitter / Chairman**	**Skoolhoof / Principal**
_____	_____
Koördineerder / Co-ordinator	**Datum / Date**

LAERSKOOL GOODWOOD PARK PRIMARY
BEAUFORTSTRAAT, GOODWOOD 7460
Tel:021 -591 6119 / Fax: 201-592 4420 / info@goodwoodparkprimary.co.za /
www.goodwoodparkprimary.co.za

BELEIDSDOKUMENT:
TAALBELEID EN PROSEDURES

1. **INLEIDING**
2. **ONDERRIGTALE**
3. **KEUSE VAN ONDERRIGTAAL**
4. **TALE AS LEERAREAS**
5. **PRAKTIESE HANTERING VAN AFRIKAANS EN ENGELS IN SKOOLORGANISASIE**

1. INLEIDING

Laerskool Goodwood Park erken die regte van die verskillende taal- en kultuurgroepe waaruit die diverse leerdergemeenskap saamgestel is. Die Norme en Standaarde aangaande Taalbeleid soos gepubliseer in Afd. 6(1) van die SA Skolewet, 1996 word in die Taalbeleid in ag geneem.

2. ONDERRIGTALE

Die onderrigtale van die skool is Afrikaans en Engels. Dit is ’n parallelmedium skool en die leerders word dus in afsonderlike klasse vir onderrig, gehuisves. Die skool behou hom die reg voor om in konsultasie met die ouers van die betrokke leerders weens praktiese redes dubbelmedium-klasse aan te bied. Die leerder ontvang steeds die onderrigmateriaal in die taal van sy/haar keuse.

3. KEUSE VAN ONDERRIGTAAL

Aangesien hierdie skool se leerders minderjarig is, oefen die ouer die reg uit om die taalmedium te kies waarin die leerder onderrig ontvang. Die skool behou hom die reg voor om aanbevelings te doen aangesien moedertaalonderrig steeds aanbeveel word. Dit is egter slegs ’n aanbeveling en word met die ouer/wettige voog onderhandel. Indien die leerder by nie een van die genoemde tale baat vind nie, word saam met die ouer besin oor moontlike alternatiewe. Die skool in oorleg met Metro Noord Onderwys Distrikskantoor poog om die ouer tot hulp te wees. Dit wil voorkom of die ouers van die Xhosasprekende leerders Engels as onderrigtaal verkies. *Die skool kan slegs ander onderrigtale begin oorweeg indien voldoende personeel wat die taal magtig is deur die WKOD voorsien kan word addisioneel tot die diensstaat. Multigraadklasse sal dan oorweeg moet word en addisionele klaskamers sal gebou moet word.*

4. TALE AS LEERAREAS

Alle leerders moet ten minste een van die twee tale aanbied in Grade 1 en 2. Vanaf Graad 1 sal die leerders, behalwe die onderrigtaal, ook nog een addisionele taal aanbied, hetsy Afrikaans of Engels. Alle tale sal gelyke tydstoewysing ontvang.

Promosievereistes vir taalleerareas:

- Die standaard en vlak van prestasie word deur die provinsiale departement bepaal in ooreenstemming met Nasionale Norme en Standaarde soos vasgestel deur die Nasionale Minister van Onderwys.

5. PRAKTIESE HANTERING VAN AFRIKAANS EN ENGELS IN SKOOLORGANISASIE

Die volgende praktiese reëlings geld:

- Alle briefhoofde is tweetalig, meegevoelkaartjies, ens. in taalvoorkeur van persoon aan wie dit gerig word;
- Alle omsendbriewe en kennisgewings aan ouers word beskikbaar gestel in Afrikaans en Engels;
- Alle afkondigings oor die interkom word in beide Afrikaans en Engels gedoen;
- Die eerste en laaste saalbyeenkoms per kwartaal word volledig tweetalig aangebied;
- Die ander weeklikse saalbyeenkomste word alternatiewelik in Afrikaans en Engels gedoen, hoewel die personeel gewoonlik gedeeltelik afwissel.

- Die berigte en onderskrifte by foto's in die kwartaallikse skoolkoerant moet verteenwoordigend van die leerder-taalsamestelling(Afr./Eng.) wees;
- Ouerinligtingsaande word om praktiese redes verdeel sodat die aanbiedings óf in Engels óf in Afrikaans of tweetalig behartig word;
- Die Ouerbegrotingsvergadering in November word tweetalig aangebied;
- Beide tale word by alle ander funksies hanteer;
- Leerverslae[rapporte] is in taalmedium waarin leerder onderrig word.